Saak nr 404/83

M C

DAWID KOOPMAN

\- en -

DIE STAAT

JANSEN AR.

Saak Nr 404/83
M C

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

DAWID KOOPMAN .............. Appellant

- en -

DIE STAAT .............. Respondent

Coram: JANSEN, CILLIé ARR et HOWARD Wn. AR.

Verhoor: 11 MEI 1984.

Gelewer: 30 MEI 1984.

---

U I T S P R A A K

JANSEN AR:-

Die appellant, 'n 26-jarige plaasarbeider van die distrik Fraserburg, is tydens rondgang op Beaufort-Wes (per LATEGAN R en assessore) aan moord op sy 23-jarige houvrou, Mietjie Visser, skuldig bevind. Die hof was van oordeel dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie en die appellant is ter dood veroordeel. Met verlof van die verhoorregter kom die appellant teen die bevinding insake versagtende omstandighede en die doodvonnis in hoër beroep.

In breë trekke was die verloop van sake die betrokke Saterdagaand die volgende. Die appellant en oorledene, met hul baba van ongeveer 8 maande, asook andere, het by "Sakkie" op 'n naburige plaas gaan kuier.

Daarna / .....

Daarna is die appellant na "Piet" se huis, ook in die omgewing, om te gaan dans. Die oorledene het hom (vermoedelik ietwat later) daarheen gevolg en die baba in die sorg van Let De Wee by Sakkie se huis gelaat. Toe Let se ouers haar roep om huis toe te gaan was die baba baie lastig en sy besluit toe om hom aan die oorledene terug te gee. Op pad na Piet se huis kom sy die appellant teë en hy neem die baba by haar en vra haar om die oorledene te sê om huis toe te kom. Die appellant self is toe huis toe met die baba. Later, toe die oorledene nie opdaag nie, is die appellant, nadat hy 'n sakmes bekom het, terug na Piet se huis, vergesel van Els De Wee. Die appellant het die baba nog steeds by hom gehad. Voordat hulle

Piet se huis bereik het, het die appellant vir Els gesê om die oorledene te gaan roep. Hy self het hom agter 'n bos versteek. Toe Els en die oorledene opdaag, spring die appellant agter die bos uit en hy vra die oorledene "hoekom kyk jy nie na ons kind nie". Sy vra hom toe om die kind vir haar te gee en toe sy hom vat, steek hy haar met die mes in die arm tot op die been, met die gevolg dat die baba val. Hierdie steek was die eerste van 18 steke wat die appellant die oorledene daar toegedien het - drie waarvan die borskas binne=gegaan het, een tot in die hart. Die oorledene moes kort daarna gesterf het.

Die appellant het op die moordaanklag skuldig

gepleit / .....

gepleit, die Staat het slegs Els en Let De Wee as getuies oor die gebeure geroep en blykbaar ŉ bekentenis deur die appellant aan ŉ landdros sonder beswaar ingehandig; die appellant het sy saak gesluit. Daarop het die hof die appellant aan moord skuldig bevind. Op grond van o.a. die appellant se eie bewering in sy bekentenis dat hy terwyl hy agter die bos geskuil het, reeds besluit het om die oorledene dood te maak, bevind die hof dat opset as oogmerk aan=wesig was.

Ter versagting het slegs die appellant getuig. Hy het hom nie daarop beroep dat hy tydens die stekery onder die invloed van drank was nie, of dat daar drank by

Sakkie / .....

Sakkie of Piet gebruik is nie. Trouens, beide Let en Els De Wee sê ook dat hy nie gelyk het soos iemand wat " 'n dop in het" nie. Weliswaar vertel hy dat hy die Saterdagmiddag eie gemaakte bier gedrink het, maar hierdie verdagte getuienis strook nie met die van Let en Els nie. Dit word nie nou aangevoer dat die verhoorhof gefouteer het om drank buite rekening te laat nie. Die verdediging was by die verhoor veral daarop toegespits om aan te toon dat teen 'n agtergrond van onderlinge wrywing tussen die appellant en die oorledene, die gebeure op die betrokke aand tot 'n emosionele uitbarsting deur die appellant gelei het. Hierdie aspek behandel die verhoorhof soos volg :-

"Jy / .....

"Jy het wesenlik een faktor, as 'n mens die totale getuienis in oënskou neem, aan die Hof voorgelê wat jy vra wat as 'n versagtende omstandigheid beskou moet word. Dit is dat vanweë huislike probleme met jou vrou en vanweë optrede van haar wat jou verneder het gedurende julle saamwoon oor die jare, jy 'n wrok teen haar in jou hart opgebou het. Dat jy van haar ontslae wou raak, maar dat sy nie van ontslae geraak wou wees nie.

Jou getuienis hieroor is nie vir ons - my assessore is daarmee eens met my - oortuigend nie, naamlik dat jy dan sodanig oor die jare deur jou vrou verneder was dat dit tot so 'n ontsaglike wrok in jou hart teen haar opgebou het nie.

Die term 'Vuil Dawid' was vir die eerste maal in hierdie Hof gebruik deur die getuie Els, wat deur die Staat gelei was. Sy het gesê die mense noem jou Vuil Dawid omdat jy blykbaar nie baie van klere verwissel nie. Ek sou verwag het, op die waarskynlikhede, dat indien dit jou instruksies was aan jou raadsman reeds in daardie stadium, dat hierdie term 'Vuil Dawid' sy oorsprong het in die mond van jou vrou, dat daardie suggestie aan die vrou Els gemaak

sou / ....

sou gewees het op een of ander wyse in kruisverhoor. Dit was nie gedoen nie. Ek noem dit slegs as 'n faktor wat vir ons in twyfel laat oor die egtheid van jou bewering in jou getuienis dat jy dan so geweldig verneder was deur jou vrou.

Daar was ook nie aan enige van die Staatsgetuies wat hier getuienis gegee het op enige wyse hoege= naamd gevra of gestel dat jou vrou kennelik aan almal in die gemeenskap waarin julle jul bevind het, jou voor mense probeer verneder het nie, soos wat jy vandag hier beweer nie.

Ons is egter bereid om aan te neem dat daar twiste was in jou huis, soos wat daar sekerlik in meeste mense se huise is, in elke klas van samelewing, in elke kleur van samelewing, omdat wanneer twee mense so nou op mekaar aangedring is om in dieselfde huis saam te lewe en hulle dan nog van verskillende geslagte ook is, sal daar klaarblyklik een of ander tyd wrywing tussen hulle wees. In jou geval sê jy het jou vrou jou soms gevloek. Ons kry nie die indruk op die geheel van die getuienis, dat jy en jou vrou 'n twistende gesin was nie, behalwe uit wat jy vir ons sê. Maar selfs uit jou eie getuienis is daar vir ons nie 'n beeld geskep dat jy in 'n onuithoudbare situasie geplaas was nie, soos jou

advokaat / ....

advokaat dit in argument gestel het, en dat hierdie opgekropte wrokkige gevoelens van jou dan uiteindelik hierdie aand gekulmineer het in 'n ontploffing waarin jy 'n dodelike instrument agtien maal in jou vrou se liggaam ingedruk het, sommige tot binne-in haar hart.

Daar is nie 'n beeld van faktore wat op daardie oomblik, toe jy besluit het om haar dood te maak, iets laat breek het in jou nie. Jy sê weliswaar dat jy ontevrede was dat sy die kind by 'n vriendin gelaat het in een huis en toe in 'n ander huis gaan dans het. Weer eens blyk dit ook uit die getuienis dat jy feitlik saam met jou vrou gestap het van die huis af waar sy die kind gelos het en dat jy gesien het dat sy sonder die kind daar wegloop en blyk dit dat eers na jy al 'n rukkie aan die dans was jy toe vir haar gevra het, maar hoekom het jy nie die kind saamgebring nie, of waar is die kind, of iets van die aard. Dit wys dat dit jou nie só verskriklik gehinder het dat sy die kind daar in die sorg van 'n ander vrou gelaat het nie. Dit is vir ons ook, trouens, heel aanvaarbaar en 'n heel natuurlike optrede van 'n ma wat die hele week met 'n kind op haar rug moet loop en na hom moet kyk en na sy gehuil moet luister en hom aan haar moet laat drink ook, dat so 'n vrou vir 'n oomblik oor 'n naweek graag vir 'n

uurtjie / ....

uurtjie saam met haar vriende sal wil ontspan sonder hierdie kind wat aan haar hang. Dit is in ons oordeel hoegenaamd nie optrede van jou vrou wat van so 'n aard was dat dit in jou eie gemoed, so 'n ontploffing kon veroorsaak het dat jy besluit het om haar daaroor dood te maak nie.

Jy het ook op pertinente vrae vir ons gesê dat jy eintlik van hierdie vrou wou ontslae raak, jy wou haar nie meer hê nie, jy wou haar van jou af weg hê en jy het haar al by herhaling, sê jy, weggejaag en dan wou sy nie loop nie. Ons kry die indruk, op al die waarskynlikhede van hierdie saak, dat jy met voorbedagte rade haar by daardie bos ingewag het; dat jy vroeër daardie aand al besluit het dat jy gaan haar doodmaak; dat jy jou mes by die huis geneem het met die gedagte om haar minstens ernstig seer te maak en dat jy iewers op jou pad vanaf die huis, met die mes in jou sak en voor jou vrou by jou aangekom het, besluit het vanaand gaan ek haar doodmaak. Ons kan nie uit die omstandighede wat 'n rol in jou gemoed gespeel het, enige omstandigheid haal wat in ons oordeel genoegsaam is om hierdie besluit van jou om jou vrou, die moeder van jou kind, koelbloedig dood te steek op 'n wrede wyse, enigsins minder laakbaar te maak nie. .........
...........................

Drank/....

Drank het geen rol gespeel in jou geestes=toestand nie, in jou gemoed, toe jy die daad gepleeg het nie. Niks ekstern het jou gemoed bewolk en jou oordeel bewolk toe jy besluit het om die vrou dood te maak nie. Jy was nugter en jy het in nugtere sinne besluit om haar te vermoor, vir, in ons oordeel, onbenullige redes. As elke man wat nie meer sy vrou wil hê nie, haar kan doodmaak en dan vra dat die feit dat hy nie van haar gehou het nie as versagting moet dien, sal in my oordeel, indien dit as algemene tender aangebied word, dit die begrip van versagtende omstandighede ver te wyd neem."

Dit word nie voor ons aangevoer dat die verhoorhof hier enige wesenlike mistasting of onreëlmatigheid begaan het nie. Daar word slegs betoog dat die verhoorhof versagting wel "kon" bevind het op grond van die volgende:

(a) Appellant se besorgdheid oor sy enigste kind, 'n 7-maande oue baba en sy oortuiging dat oorledene nie na behore na die kind omgesien het nie;

(b) /..........

(b) Appellant se vernedering wat hy moes verduur wanneer sy vrou hom as "Vuil Dawid" aanspreek;

(c) Appellant se ongeskooldheid, eenvoud en ongeletterdheid;

(d) Die neerhalende houding van die oorledene ten opsigte van die appellant;

(e) Die kumulatiewe effek van bogenoemde faktore oor 'n tydperk van twee jaar waartydens appellant saam met oorledene geleef het.

Die verhoorhof was wel van hierdie aspekte bewus en het klaarblyklik tot die gevolgtrekking gekom dat in dié mate wat hierdie aspekte deur die getuienis gestaaf word, hulle nie in die omstandighede die moord minder laakbaar

maak /........

maak nie. Dit kan nie gesê word dat hierdie mening nie redelikerwys gehuldig kan word nie.

Die appèl word afgewys.

E.L. JANSEN AR.

CILLIé AR.
HOWARD WND. AR.
STEM SAAM.